HOËRSKOOL SWELLENDAM HIGH SCHOOL
SWELLIES SWEMKLUB / SWELLIES SWIM CLUB

TARIEWE VIR SWEMSEISOEN: **SWEMSEISOEN: OKTOBER 2017 – SEPTEMBER 2018**	
TIPE LID:	
ENKELLID	R930.00
Hoërskool Swellendam Leerder	R880.00
GESIN (5 x lede)	R1250.00
Gesin met Leerder in Hoërskool Swellendam	R1200.00
Gesin: Maks. 5 lede. Meer as 5 lede, R50 per lid ekstra in ‘n maand.	
• Afrigtersfooi: Afrigter gee 20 % van inkomste per sessie af.	
• Fasiliteit huur per uur: R300 vir fasiliteit. Addisionele R15 per kop. (2 uur)	
• Selfoonregistrasie: R100 aanvangsfooi vir ‘n enkellid. R200 vir familie waar beide ouers se selfone geregistreer word. ***LW: Geen lede onder die ouderdom18 se selfone word geregistreer nie, slegs ouers se fone wat geregistreer word.***	
Die volle bedrag vir die swem seisoen, moet u aansoek vergesel. Geen pro-rata betalings word uitgewerk, en geen maandelikse betalings word toegelaat nie.	
Persone wat afrigting ontvang, moet ‘n ingeskrewe lid by die swemklub wees.	

AANSOEK OM LIDMAATSKAP: *VOLWASSENES*				***SKOOLGAANDE LEERDERS EN JONGER KINDERS***			
#	NAAM	VAN	#	NAAM	VAN	OUDERDOM	GRAAD
1.			1.				
2.			2.				
			3.				

TELNR.:	FAKSNR:	SELFOON 1:	SELFOON 2:
EPOS:			
DIE BEDRAG VAN, R		IS HIERBY AANGEHEG.	
GETEKEN:		DATUM:	
LIDNOMMER:			
BANK BESONDERHEDE: ABSA SWELLENDAM REK NR: 222 082 0303 VERWYSING: SWEMBAD + VAN EPOS BEWYS NA: finswel@telkomsa.net			
KONTANT:		EFT:	

HOËRSKOOL SWELLENDAM HIGH SCHOOL

Tel: 028 – 514 1361 Faks/Fax: 028 – 514 1329
E-pos/E-mail: swellies@telkomsa.net

VRYWARING EN SLEUTELONERNEMING:

Ek, die ondergetekende,

NAAM: _____

ADRES: _____

Bevestig en onderneem hiermee as volg, naamlik:

1. Ek bevestig dat ek ‘n volwasse ingeskrewe lid en/of die ouer/voog van ‘n minderjarige ingeskrewe lid van Swellies Swemklub is.
2. Ek onderneem om die reëls van Swellies Swemklub nougeset na te kom en aanvaar ook volle verantwoordelikheid vir die nougesette nakoming van die reëls deur die voormelde minderjarige ingeskrewe lid en/of besoekers wat gebruik maak van die Swellies Swemklub se geriewe via my en/of die voormelde minderjarige se lidmaatskap.
3. Ek bevestig dat ek onder geen omstandighede mag toelaat dat ‘n minderjarige en/of meerderjarige die Swellies Swemklub se geriewe mag gebruik sonder my persoonlike toesig **EN** teenwoordigheid nie.
4. Ek bevestig dat ek onder geen omstandighede aan nie-lede toestemming sal gee om die swembadperseel te betree nie.
5. Ek vrywaar hiermee Swellies Swemklub, die Hoërskool Swellendam Beheerliggaam en die WKOD van enige verantwoordelikheid vir beserings of verliese, van watter aard ookal, opgedoen deur myself en/of minderjarige ingeskrewe lid, waarvan ek die ouer/voog is en/of enige ongeregmatige persoon wat toegang tot Swellies Swemklub bekom via my en/of die voormelde minderjarige se lidmaatskap tydens die gebruik van die swembad en/of die geriewe, mits sodanige beserings of verliese nie te wyte is aan die gevrywaarde se opsetlike of growwe nalatige optrede nie.

GETEKEN te SWELLENDAM op die _____ dag _____van 2017.

HANDTEKENING VAN LID: _____

HANDTEKENING VAN GETUIE: _____

NAMENS SWELLIES SWEMKLUB: _____

HOËRSKOOL SWELLENDAM HIGH SCHOOL

Tel: 028 – 514 1361 Faks/Fax: 028 – 514 1329
E-pos/E-mail: swellies@telkomsa.net

SWEMBAD REËLS

Toegang:
Die geriewe is vir die uitsluitlike gebruik van die lede van die Swellies - Swemklub en amptelike gebruik onder die toesig van Hoërskool Swellendam.

Geen klublid mag aan enige persoon toegang gee, wat nie 'n lid is nie. Lede wat hul hieraan skuldig maak sal summier hul lidmaatskap verloor, sonder enige terugbetaling! *OORTREDERS SAL VERVOLG WORD!*

Swemtye:
- Lede van die swemklub – eie diskresie.
- Lestye en afrigtingsessies sal geallokeer word. Swem vir oefening en swemafrigting kry voorkeur. Bane vir afrigting en oefening sal geallokeer word.

Ander swemmers gebruik oop/beskikbare bane.

Gedragsreëls:
1. Die kleedkamers en toilette moet ten alle tye netjies en sindelik gehou word.
2. Geen rokery of gebruik van alkoholiese drank word op die swembadperseel toegelaat nie.
3. Geen diere word op die swembadperseel toegelaat nie.
4. Geen gevaarlike speletjies, instamp, duik, of hardlopery op die area rondom die swembad, word toegelaat nie.
5. Let asseblief op u taalgebruik en optrede teenoor ander gebruikers – dit moet getuig van goeie smaak en goeie opvoeding.
6. Geen spelery met balle of ander harde voorwerpe word IN en rondom die swembad toegelaat nie.
7. Geen eetgoed mag IN die swembad genuttig word nie. Eet asseblief buite die water en gooi alle rommel in die vullisblikke. Geen glasbottels word op die swembadperseel toegelaat nie. Laat die terrein in so 'n toestand soos u dit graag sal wil vind.
8. Die chemiese samestelling van die water word baie gou versteur deur natgeswete liggame en urine. Alle gebruikers wil graag in higiëniese omstandighede swem. Respekteer hierdie reg en maak van die stort en toilette gebruik. Moedig veral kleiner kinders aan om eers toilet toe te gaan.
9. Respekteer die swembadopsigter en personeel, afrigters, onderwysers en/of bestuurslede en aanvaar hul reëls en versoeke.
10. Kinders moet ten alle tye onder behoorlike toesig wees en nie 'n steurnis vir ander gebruikers wees nie.
11. Alle slotte moet ten alle tye gesluit wees selfs as u binne die terrein is.
12. Konsidereer omliggende inwoners en handhaaf stilte – veral vroeg soggens, saans en Sondae.
13. Swem vir oefening en afrigting geniet ALTYD voorkeur bo sosiale swem. Sinvolle bane moet oopgelaat en tydens die sessies aan afrigters / persone wat oefen, gegee word.
14. Misbruik van die swembad kan daartoe lei dat die oortreder sy/haar lidmaatskap verbeur of die gebruik van die swembad verbied word – geen ledegelde word in die verband terugbetaal nie.
15. Geen privaat of sosiale geleenthede word by die swembad toegelaat nie. Reëlings in verband met spesiale geleenthede moet getref word met die swemklub.
16. GEEN SKOOLGAANDE OF JONGER KIND MAG SONDER OUERTOESIG SWEM NIE.